higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STRAFREGSTRUKTURE EN MANDATE
NKR VLAK 3

6 Maart 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 11 bladsye.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Waar
1.2 Waar
1.3 Onwaar
1.4 Waar
1.5 Onwaar
1.6 Waar
1.7 Onwaar
1.8 Onwaar
1.9 Onwaar
1.10 Waar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

2.1 H
2.2 I
2.3 E
2.4 A
2.5 J
2.6 D
2.7 F
2.8 B
2.9 G
2.10 C

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

3.1 3.1.1 gemeenskap
3.1.2 onafhanklike gevangenisbesoekers
3.1.3 aangehoudenes

(3 × 1) (3)

3.2 3.2.1 regter
3.2.2 assessors

(2 × 1) (2)

3.3 3.3.1 agtien
3.3.2 kwetsbaar
3.3.3 afsonderlike

(3 × 1) (3)

3.4 ondersoek (1)

3.5 gelykheidshof (1)
[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 4

4.1 OPMERKING AAN DIE NASIENIER: Enige van die DRIE antwoorde hier onder vir FUNKSIES van die Konstitusionele Hof. Enige DRIE van die antwoorde hier onder vir PLIGTE van die regters van die Konstitusionele Hof. 'n Maksimum van SES punte mag vir VRAAG 4.1.1 toegeken word. Bied ruimte vir leerders se eie interpretasie.

Funksie van die Konstitusionele Hof:

- Enigiemand wat 'n grondwetlike saak voor die Konstitusionele Hof wil bring moet gewoonlik in die Hoë Hof begin.✓
- Die saak sal deur die Hoë Hof hanteer word. Die Hoë Hof het die mag om verligting toe te staan, insluitend die ongeldigheidsverklaring van provinsiale of parlementêre wetgewing. ✓
- Indien die Hoë Hof provinsiale of parlementêre wetgewing ongeldig verklaar, moet die ongeldigheidsbevel deur die Konstitusionele Hof bekragtig word voordat dit in werking kan tree.✓
- Indien die Hoë Hof besluit om nie die verligting wat gevra word toe te staan nie, mag die Konstitusionele Hof op appèl genader word.✓
- Die Hof hoor nie getuienis aan of ondervra nie getuies nie. Dit besluit nie direk of 'n beskuldigde skuldig is en of skadevergoeding aan die verontregte persoon toegestaan moet word nie. Sulke aangeleenthede word in die gewone howe hanteer.✓
- Dit Hof se funksie is om die betekenis van die Grondwet met betrekking tot die sake wat betwis✓ word te bepaal. Een gevolg hiervan is dat die Hof hoofsaaklik met geskrewe argumente werk wat deur die partye✓ voorgehou word. Die Hof hoor sake aan wat besonder moeilike aangeleenthede hanteer wat in die partye se geskrewe betoë voorkom.✓
- Die Hof se sittings is oop vir die publiek en die pers.✓ (Enige 3 × 1)

Pligte van regters van die Konstitusionele Hof:

- Hulle is onafhanklik.✓
- Hul plig is om wette en die Grondwet onpartydig en sonder vrees, partytigheid of vooroordeel te handhaaf.✓
- Die Grondwet vereis dat enige saak wat voor die Hof dien deur ten minste agt regters aangehoor word. In die praktyk hoor al elf die regters elke saak aan.✓
- 'n Besluit van die Hof word op grond van 'n meerderheidstem van die regters wat 'n bepaalde saak aanhoor bereik. ✓
- Elke regter moet sy of haar besluit aandui.✓
- Die redes vir die besluit word in 'n geskrewe uitspraak gepubliseer.✓

(Enige 3 × 1)
(3 × 2) (6)

4.2 OPMERKING AAN DIE NASIENIER: Enige VIER punte vir strategiese beplanning en enige VIER vir taktiese beplanning. 'n Maksimum van AGT punte mag toegeken word. Bied ruimte vir leerders se eie interpretasie.

STRATEGIESE BEPLANNING	TAKTIESE BEPLANNING
Topbestuur ✓	Middel- en laer bestuur ✓
Deurlopend op 'n onreëlmatige basis✓	Word op gereelde basis vir 'n bepaalde tydperk gedoen✓
Meer alternatiewe vir topbestuurders✓	Minder alternatiewe ✓
Groter onsekerheid✓	Minder onsekerheid en risiko's✓
Eenmalige probleme word hanteer✓	Probleme is meer gestruktureerd en kom herhaaldelik voor✓
Inligting vanuit die eksterne omgewing word vereis✓	Inligting oor die interne funksionering van die departement is voldoende✓
Lang termyn✓	Kort termyn
Word deur die hele departement gedoen✓	Word slegs deur 'n bepaalde departement of afdeling gedoen✓
Dit dien as raamwerk vir taktiese beplanning✓	Voer planne uit wat deur die bestuurders geformuleer is✓

(Enige 4 × 2) (8)

4.3 Aktivering is die stimulering en motivering van lede om positief te bly oor die bereiking van die departement se doelwitte en doelstellings.✓ Aktivering hou nou verband met leierskap en leiding in 'n departement.✓ (2)

4.4 OPMERKING AAN DIE NASIENIER: Die leerder moet tussen indirekte en direkte beheer onderskei. EEN punt vir elke begrip. 'n Maksimum van TWEE punte mag toegeken word. Bied ruimte vir leerders se eie interpretasie.

Indirekte beheer – verwys na die gebruik van formele beheermaatreëls om te verseker dat die aktiwiteite doelgerig bly. ✓

Direkte beheer – word bereik indien beleid en prosedures nagevolg word.✓

OF

Direkte beheer wat deur bestuurders op verskeie hiërargiese vlakke uitgeoefen word, en dat die aktiwiteite van verskillende eenhede gekoördineer word.✓ (2)

Kopiereg voorbehou

4.5 OPMERKING AAN DIE NASIENIER: 'n Maksimum van VYF punte mag toegeken word. Bied ruimte vir leerders se eie interpretasie.

Die SANW ondersteun die SAPD en ander instellings in die voorkoming van misdaad deur:

- Suid-Afrika se grense te patroleer.✓
- Die voorkoming van transnasionale misdaad deur die spesifieke staatsdepartemente wat betrokke is, byvoorbeeld SAPD en Doeane, by te staan.✓
- Uitvoer van lugpatrollies✓ en die monitering van die lugruim oor die Suid-Afrikaanse grense.✓
- Patrollering van Suid-Afrika se kuslyn.✓
- Die SANW kan ook opgeroep word om die SAPD met ernstige onrus en geweld binne Suid-Afrika,✓ soos die xenofobiese aanvalle, te ondersteun, maar dit vind slegs in uiterste gevalle plaas.✓ (Enige 5 × 1) (5)

4.6 OPMERKING AAN DIE NASIENIER: 'n Maksimum van VYF punte mag toegeken word. Bied ruimte vir leerders se eie interpretasie.

'n Reservis is 'n lid van die gemeenskap✓ wat sy/haar dienste vrywilliglik aanbied om polisiëringsfunksies vir die Suid-Afrikaanse Polisiediens✓ te doen sonder om daarvoor vergoed te word.✓ (Enige 2 × 1) (2)

4.7 OPMERKING AAN DIE NASIENIER: 'n Maksimum van VYF punte mag toegeken word. Bied ruimte vir leerders se eie interpretasie.

- Politieke onstabiliteit✓ – inmenging in bedryfsake deur politici,✓ inmenging in die bestuurstyl deur politici,✓ en onkunde en ondoeltreffendheid wat deur politike onstabiliteit veroorsaak word het almal 'n groot invloed op beplanning.✓
- Gebrek aan kennis van die omgewing✓ – tensy die bestuurder op die hoogte bly van veranderinge, misdaadpatrone, maatskaplike tendense, regterlike veranderinge en tegnologiese ontwikkelings, sal dit nie moontlik wees om doeltreffend te beplan nie.✓
- Gebrek aan organisatoriese kennis✓ – dit hou verband met kennis van beskikbare hulpbronne soos personeel, finansies en logistiek. ✓
- Weerstand teen verandering✓ – baie organisasies of mense in organisasies beskou verandering as 'n bedreiging.✓ Hulle vrees die gevolge daarvan en staan veranderings daarom teen.✓ (Enige 5 × 1) (5)

[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

VRAAG 5

5.1 OPMERKING AAN DIE NASIENIER: 'n Maksimum van SES punte mag toegeken word. Bied ruimte vir leerders se eie interpretasie.

Regspraktisyns

- Elke beskuldigde in 'n kriminele saak is geregtyig op regsverteenwoordiging.✓ Die voorsittende beampte moet regspraktisyns beleefd hanteer, omdat hulle, as beamptes in die hof, verplig word om die voorsittende beampte met respek te behandel.✓

Staatsaanklaers

- Die konsiderasie wat met betrekking tot die verhouding tussen die voorsittende beampte en die regsverteenwoordigers genoem is, geld natuurlik ook vir die verhouding tussen die voorsittende beampte en die aanklaer.✓ Dit is die voorsittende beampte se plig om die staataanklaers wat nie ten opsigte van hofprosedures vaardig is nie, te onderrig.✓

Die beskuldigde

- Die hofsaak van 'n beskuldigde moet in sy of haar aanwesigheid gevoer word tensy die beskuldigde só optree dat dit onmoontlik word om met die verhoor voort te gaan. ✓
- Die saak mag egter net gesluit word sodra die beskuldigde teruggekeer en die geleentheid gehad het om sy/haar bewyse aan te bied.✓ Die beskuldigde is die sentrale figuur in 'n kriminele saak en waar moontlik, moet die voorsittende beampte 'n beskuldigde wat nie verteenwoordiging het nie, bystaan.✓
- Indien 'n beskuldigde nie oor verteenwoordiging beskik nie, moet die hof verseker dat die beskuldigde bewus is van sy of haar regte en moet die beskuldigde elke geleentheid gebied word om behoorlike verweer namens hom/haar te lei.✓
- Die voorsittende beampte moet die beskuldigde geduldig en beleefd hanteer.✓
- Tydens die verhoor mag geen inligting aangaande die beskuldigde se vorige oortredings in die hof genoem word nie omdat sulke kennis die hof tot nadeel van die beskuldigde mag beïnvloed.✓
- Sodra 'n persoon skuldig bevind is en die hof sy of haar vorige oortredings hanteer het, word die beskuldigde geleentheid gebied om verweer om versagting van die vonnis te lei. In minder ernstige gevalle word versagtende omstandighede deur die beskuldigde of sy of haar regsverteenwoordiger in die hof aangebied. ✓
- In ernstige gevalle word die dienste van kenners, soos forensiese kriminoloë, al meer gebruik om voorvonnis-evaluaringsverslae aan die hof te verskaf.✓
- Die doel van voorvonnis-evalueringsverslae is om aan die hof te toon watter tipe persoon die beskuldigde in werklikheid is, en dat geïndividualiseerde strawwe ingestel mag word.✓ (Enige 6 × 1) (6)

5.2 5.2.1 Departement van Korrektiewe Dienste✓ (1)

5.2.2 OPMERKING AAN DIE NASIENIER: 'n Maksimum van SEWE punte mag toegeken word. Bied ruimte vir leerders se eie interpretasie.

- Veilige aanhouding van gevangenes.✓
- Toesig en beheer oor paroolgangers en gevangenes wat op proef vrygelaat is, in die gemeenskap✓
- Voorsieining van ontwikkelingsdienste✓
- Herintegrasie in die gemeenskap✓
- Verbreek die misdaadsiklus✓
- Bestuur sekerheidsrisiko's✓
- Implementeer hofvonnis sodat die oortreder gerehabiliteer word✓
- Verskaf 'n omgewing waar rehabilitasie met verloop van tyd kan plaasvind✓
- Lei en ondersteun oortreders in die gemeenskap sodra hulle op proef of parool vrygelaat is✓ (Enige 7 × 1) (7)

5.3 5.3.1 Die Departement van Veiligheid en Sekuriteit✓ en die Suid-Afrikaanse Polisiediens.✓ (1)

5.3.2 OPMERKING AAN DIE NASIENIER: Die onderneming is deel van die gedragskode wat die leerder moet bespreek. 'n Maksimum van VYF punte mag toegeken word. Bied ruimte vir leerders se eie interpretasie.

Om 'n veilige en seker omgewing vir alle mense van Suid-Afrika te verskaf onderneem elke polisiebeampte om:

- met integriteit 'n verantwoordelike en doeltreffende diens van hoogstaande gehalte te lewer wat vir elke persoon toeganklik is en om deurlopend te strewe na die verbetering van hierdie diens;✓
- alle beskikbare hulpbronne verantwoordelik, doeltreffend en koste-effektief te benut ten einde die gebruik daarvan te maksimeer;✓
- ons eie vaardighede te ontwikkeling en om tot die ontwikkeling van medelede by te dra om gelyke geleenthede vir almal te verseker;✓
- tot die rekonstruksie, ontwikkeling en rekonsiliasie in ons land by te dra;✓
- elke persoon se fundamentele regte te handhaaf en beskerm;✓
- onpartydig, beleefd, eerlik, met respek, deursigtig en met aanspreeklikheid op te tree;✓
- die magte wat aan ons toegeken is op verantwoordelike en beheerde manier uit te oefen; en✓
- aktief tot die voorkoming en enige vorm van korrupsie by te dra en om sodanige oortreders te vervolg.✓ (Enige 5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20

AFDELING D

OPMERKING AAN DIE NASIENIER: Sien slegs EEN vraag in AFDELING D na.

VRAAG 6

6.1 OPMERKING AAN DIE NASIENIER: 'n Maksimum van TIEN punte mag toegeken word. Bied ruimte vir leerders se eie interpretasie.

- Bevordering van regmatigheid en openbare vertroue in strafregspleging.✓
- Eliminering van swakhede en blokkasies in die regstelsel✓ deur kort- en mediumtermyn-intervensies.✓
- Volhoude doeltreffendheid en effektiwiteit van die regstelsel✓ deur verbeterde koördinasie en bestuur van die stelsel in geheel.✓
- Modernisering van die hele stelsel✓ deur volhoubare langtermyn-intervensies.✓
- Resultate blyk uit 'n vennootskap tussen besighede en die regering op alle vlakke.✓
- Dit is 'n vennootskap wat op nasionale en provinsiale vlak✓ bedryf word wat baie individue en uitvoerende beamptes van ander groepe betrek.✓
- Resultate van die vennootskap tussen besighede en die regering op alle vlakke word internasionaal as een van die beste praktyke van sy soort beskou.✓ (Enige 10 × 1) (10)

6.2 OPMERKING AAN DIE NASIENIER: EEN punt vir elke bousteen. TWEE punte vir elke bespreking van elke bousteen. 'n Maksimum van TIEN punte in totaal mag toegeken word. Bied ruimte vir leerders se eie interpretasie.

- Bousteen 1: Strafregsplegingingsproses✓
  - verskaf 'n seker en duidelike afskrikmiddel vir kriminele;✓
  - verbeter inligtingstelsels sodat inligting van gehalte beskikbaar is vir ondersoek, vervolging en vonnisoplegging;✓
  - gebruik gemeenskapsvonnisse vir geringe ootredings;✓
  - verwyder oortreders en jeugdiges uit die normale stelsel; en✓
  - verminder risiko dat oortreders misdade sal herhaal.✓

- Bousteen 2: Vermindering van misdaad deur omgewingsontwerp✓
  - verminder die geleentheid vir misdaad;✓
  - verseker dat oortreders maklik geïdentifiseer en opgespoor kan word;✓
  - regering neem stappe om interne regulasies en beheer te aktiveer en te versterk; en✓
  - lê misdaad in die private en openbare sektor bloot.✓

– Bousteen 3: Gemeenskapswaardes en onderwys✓
  – bekommernisse oor die maniere waarop openbare onderwys en inligting gebruik word om te verseker dat gewone burgers met misdaadvoorkoming help;✓
  – verbetering van openbare begrip van die strafregsplegingstelsel sodat die publiek betrokke kan raak, en✓
  – bevordering van niegeweldadige oplossing, bewustheid van genderkwessie en die aanmoediging van maatskaplike druk teen kriminaliteit.✓

– Bousteen 4: Transnasionale misdaad✓
  – stel programme bekend wat daarop gemik is om beheer oor mense wat die land se grense oorsteek te verbeter en om mense wat op ander plekke misdaad gepleeg het nie toe te laat om in Suid-Afrika te skuil nie;✓
  – bepaal hoe misdaadsindikate tussen streke beweeg en hoe hulle werk; en✓
  – beperking van die smokkel van goedere oor grense deur beter beheermaatreëls by binnekomshawens en grenssones.✓ (10)

[20]

OF

VRAAG 7

7.1 OPMERKING AAN DIE NASIENIER: 'n Maksimum van TIEN punte mag toegeken word. Bied ruimte vir leerders se eie interpretasie.

- Verbintenis✓

'n Bestuurder se eerste taak is om te verseker dat ondergeskiktes by die werk wat hulle die beste doen betrokke raak sonder om die terreine waarin hul swak presteer, af te skeep.✓

- Identifisering✓

Positiewe motivering sal volg indien ondergeskiktes voel dat hulle iets vir mekaar beteken en dat hul individuele kwaliteite na waarde geskat word.✓

- Erkenning✓
  – Erkenning in die werksituasie is een van die belangrike faktore in die motivering van ondergeskiktes.✓
  – Positiewe erkenning bevorder 'n persoon se gevoel van belangrikheid.✓
  – Die persoon voel dat hy/sy iets vir die instelling beteken.✓

- Selfvertroue
  – Ondergeskiktes moet hul meerderes vertrou en omgekeerd.✓
  – Bestuurders se geloof in hul ondergeskiktes moet laasgenoemde se angs en onsekerheid troef en 'n sterk mate van sekerheid bewerkstellig.✓

- Teregwysing✓
  – 'n Belangrike prosedure is om hul foute aan ondergeskiktes uit te wys.✓
  – Saam met erkenning en beloning sal negatiewe reaksies deur meerderes – kritiek en regstellende maatreëls – as positiewe maatreëls dien om ondergeskiktes in die regte rigting te lei.✓

- Inboeseming van vrees✓
  – Die subtiele inboeseming van vrees is 'n besliste motiveringstegniek.
  – By geleentheid behoort bestuurders te toon dat hulle oor die nodige gesag beskik, maar ook dat hulle nie sal skroom om dissipline te handhaaf nie.✓

- Beheer✓
  – Delegasie skep nie net 'n gevoel van gemeenskaplike vertroue nie, maar dit bied ook aan ondergeskiktes die geleentheid om te leer en hul eie inisiatief te toets.✓
  – Op hierdie manier dra hulle by tot die instelling se sukses.✓

(Enige 10 × 1) (10)

7.2 OPMERKING AAN DIE NASIENIER: Leerder moet die beginsel noem en verduidelik hoe dit in die uitvoering van hul pligte toegepas word. Ken punte toe soos hier onder aangedui. 'n Maksimum van TIEN punte in totaal mag toegeken word. Bied ruimte vir leerders se eie interpretasie.

- Integriteit✓
  – SAPD-werknemers moet integriteit as van die uiterste belang beskou.✓
  – SAPD-werknemers moet deurlopend daarna streef om die missie, waardes, etiese beginsels en etiese standaarde van die SAPD te handhaaf.✓
  – Hulle moet ooreenkomstig hierdie waardes optree. Hule moet in alle situasies eerlik en verantwoordlik optree. Hulle moet altyd die waarheid praat, hul pligte uitvoer en 'n voorbeeld stel vir die gemaanskappe wat hulle dien.✓

- Respek vir diversiteit✓
  – SAPD-werknemers moet die diversiteit van die mense in hul land erken en elke persoon met gelyke respek hanteer.✓
  – In die uitvoering van hul pligte moet hulle altyd respek toon vir die kulturele en ander diversiteit in die gemeenskap.✓
  – Hulle moet elke persoon met dieselfde respek hanteer en hul regte as inwoners van Suid-Afrika respekteer.✓ Hulle moenie onregmatig teen enige persoon diskrimineer nie.✓

- Nakoming van die wet✓
  – SAPD-werknemers moet die reg respekteer en onderhou, en in die toepassing van die wet moet hulle altyd binne die bepalings van die Grondwet en die landswette optree.✓
  – Hulle moet ten alle koste enige optrede vermy wat kan veroorsaak dat hulle die wet oortree.✓ Hulle moet die inwoners van Suid-Afrika teen onwettige optrede beskerm.✓

- Diensuitnemendheid✓
  – SAPD-werknemers moet diensuitnemendheid nastreef.✓
  – Hulle moet hul pligte te alle tye na die beste van hul vermoëns uitvoer.✓ Hulle moet professioneel optree.✓ Hul optrede en voorkoms moet bewys wees van hul verbintenis tot diensuitnemendheid.✓

- Openbare goedkeuring✓
  – SAPD-werknemers werk altyd met en vir die goedkeuring van die gemeenskap.✓
  – Hulle moet die gemeenskap se belange ten beste dien en die goedkeuring van die breë gemeenskap in alles wat hulle doen nastreef.✓ (Enige 10 × 1) (10)

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou